



Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 13 / no. 6
Junie 2004

GEBEDE VIR ALMAL


Wie is nie dankbaar dat die algemene verkiesing op 14 April in ons land vreedsaam verloop het nie? Ons kan op die oog af almal ons lewens “*stil en rustig*” voortsit. Ons kan maklik in die relatief vreedsame verloop van die verkiesingsproses ‘n beantwoording van ons gebede inlees. Só word die oproep tot gebede vir almal en met name die voorbede vir konings en almal wat hooggeplaas is, dikwels verstaan (1 Tim. 2:1-2). Sal ons nie vir ons land se regering bid, sodat ons ‘n “*stil en rustige*” lewe kan lei nie?

Die vraag is of dit die hoogtepunt van ons kerklike lewe in Suid-Afrika is dat ons in rus en vrede gelaat kan word. Bid ons vir almal sodat ons ongestoord en sonder om gepla te word, ons Christelike lewens kan lei? Dit sou heel vreemd wees as dit die bedoeling was, terwyl ons God en Verlosser juis wil hê dat alle mense gered en tot kennis van die waarheid moet kom. Ons God en Verlosser wil geen vrede in ons land hê deur middel van ‘n neutrale “almal-is-geregtig-op-sy-eie-plek” politiek in ons land nie. 1 Timótheüs praat juis van die evangelie wat aan die kerk toevertrou word in die midde van die samelewing. Die evangelie wat daarvan getuig dat daar net één God is en net één Middelaar vir almal.

Ons God wil dat sy gemeentes sal bid en voorbidding doen vir alle mense, Só sal ons lewe in godsvrug en waardig die evangelie. Ons moet bid vir die redding van alle mense en in besonder vir regeerders en almal wat hooggeplaas is. Ons Vader wil dat hulle gered sal word uit die doodslaap van hul sondes. Daarvoor wil die Here ‘n biddende kerk in die midde van die samelewing hê. Ons gebede moet nie bepaal word deur ons verbeeldingskrag en verwagting van mense nie, maar deur die soekende liefde van God.

Wat is nou die vrug van hierdie gebede? Dit laat ons ‘n “*stil en rustige lewe lei in alle godsvrug en waardigheid*” (1 Tim. 2:2b). Ons gee meesal veral aandag aan die “*stil en rustige*” lewe. Paulus leer Christene egter **nie** hier om ‘n begeerte te hê na ‘n onverstoorde lewe in die land nie. ‘n “*Stil en rustige lewe*” is egter wel die beskrywing van hoe die lewe lyk van iemand wat vir alle mense bid. Ons bid dat alle mense tot geloof in Jesus Christus sal kom. En dan met name hulle wat in hooggeplaaste posisies is. Iemand wat só geleer het om God se genade in werking te verwag in die samelewing en mense se lewens, sal met werklike **gemoedsrus** lewe. Die “*stilte en rus*” beskryf nie die omstandighede waarin ons leef en werk nie; dit mag meer dikwels as nie heel stormagtig en onvriendelik teenoor ons wees. Dit beskryf die gedrag van iemand wat in gebed verwag dat God die grootste van alle sondaars kan red en daarom nie al klaend en rebellerend gaan leef nie. Wanneer jy in gebed die saak by die Here gebring het in smeking, weet jy dat dit nou ook alles van die Here afhang. Jy mag werklik tot rus kom.

In Hierdie Uitgawe



Tema: Sending

- **Sohanguve en Mamelodi - ‘n oorsig** 3
- **Sending en Hulpverlening** 5
- **Onderhoud met ds Arjan de Visser** 7
- **Onderhoud met sr Inge de Visser** 11
- **Christusprediking in Afrika** 14
- **Afskeid ds De Visser** 2
- **Onderhoud met drs Lucius de Graaff** 17
“*Moslems het nou letterlik ons bure geword. Daar is niks wat ons stuit om die evangelie aan ons bure te verkondig nie.*”
- **Kagisong: huis van vrede** 19
“*waar sterwende pasiënte hulle laaste tyd op aarde rustig en goed versorg kan deurbring.*”



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

MAJESTIC – het Philharmonisch orkest Onder leiding van Willem Stoops met Martin Mans aan die orrel – 'n pragtige cd! Onder andere: Komt nu met zang – Zie de zon – Eens als de bazuinen klinken – U zij de glorie.
CD nr 1404012 – prys R155

PETS MARAIS: Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 “Die saambindende en bemoedigende rol wat die vrou in hierdie donker tydperk gespeel het, was heroïes. Sy het 'n besliste aandeel aan die konflik en 'n bemoedigende uitwerking op die vegtendes gehad . . .”
'n Aangrypende verslag! R69,95

HANS DU PLESSIS het in 'Innie skylte vannie Jirre' 'n aantal Griekwapsalms en ander gedigte versamel. Om hardop te lees en weer te lees! 63 bl. R44,95

ADRIAN VERBREE, bekend van sy artikels in die Nederlands Dagblad, en van sy boek 'Eclips' waarin hy oor sy ondervinding van 'n

burn-out skryf, was vier weke in die Kongo. Hy het hieroor op sy eie, humoristiese en skerpsinnige wyse verslag gedoen in sy boek 'De bron van de Congo' – Helpen in de verte. Die boek is uitgegee deur die stigting 'De Verre Naaste'. Lesenswaardig! R125. 208 bl.

'n Nuwe boek van ds EGBERT BRINK: Uitgesproken! – vitaal geloven vandaag. Hierdie Bybelstudie handel oor die kern van ons Christelike geloof. Onder andere skryf hy oor Drie-eenheid, God die Vader, die almag van God, geskape na God se beeld, is die hel wel daar?, ewige lewe. Met besprekingspunte. 106 bl. R76

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. G van den Berg
Bloukeurstr 17
Blommendal
Bellville 7530
Tel. (021) 919-9732

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland •10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos •40

AFSKEID VAN DR. A.J. DE VISSER AS REDAKTEUR

Met die vorige uitgawe van Kompas is die taak van dr. A.J. de Visser as redakteur van ons blad, amptelik beëindig. Dr. de Visser gaan met emeritaat! Ons moet onmiddellik bysê dat dit geen gewone emeritaat is nie, maar wel een van 'n heel besondere aard. Hy is pas onthef van sy verantwoordelikhede as voltydse missionêre predikant, slegs om op nog meer intensiewe manier met 'n nuwe verantwoordelikhede verder te werk. Emeritaat sonder rus!

Dr. de Visser se verhuising na Kanada om daar as professor in die Amptelike en Ekklesiologiese vakke op te tree aan die Theological College van die Canadian Reformed Churches, noodsaak ook sy opsegging van die redakteurskap. Nadat hy vir jare as medewerker gefunksioneer het, het hy die laaste jare as redakteur van die blad leiding gegee aan die verdere ontwikkeling van die karakter en kwaliteit van Kompas.

Al die werk as redakteur is met onbaatsugtige ywer en liefde gedoen in die roeping om die vorming van 'n gereformeerde kerklike lewe in Suid-Afrika te dien. Die nuwe redaksie wil graag hiermee dr. De Visser bedank vir die uitmuntende voorbeeld wat hy ons nagelaat het in die werkywer vir die blad. Sy skoene gaan moeilik volgestaan kan word deur 'n nuwe redakteur en redaksie in Kaapstad. Ons sien uit na u verdere medewerking aan die blad, maar dan as een van ons buitelandse korrespondente! Graag wens ons u die Here se rykste seën toe op u nuwe taak en verantwoordelikhede.

Namens die Redaksie
E. Viljoen



SY WEË IS ONNASPEURLIK

L Ijlst

TEMA: SENDING

Ons kan terugkyk op 'n jaar waarin die Here die sendingwerk ryk geseën het. Daar het groot veranderings plaasgevind, en ook vir die toekoms is daar nog baie uitdagings, maar ons kan sy hand sien in die groei wat daar plaasgevind het. Ons wil in hierdie artikel graag 'n oorsig gee van die huidige stand van sake, en van die planne vir die toekoms.

SOSHANGUVE-SUID

Soshanguve-Suid is 'n nuwe woongebied, waar baie gebou word. Die bevolking is gemiddeld redelik jonk, en die werkloosheid is laag vergeleke met andere dele van Soshanguve. Soos u onthou, was dit die werkgebied van ds. D.M. Boersma. Na sy vertrek is Jerry Mhlanga aangestel om die sendingwerk en die opbouwerk in die gemeente te doen, onder toesig van ds. De Visser. Jerry het sy BTh graad behaal op Mukhanyo Theological College en is naas die werk in die gemeente ook nog besig om die aanvullende Mukhanyo Plus opleiding af te rond. Die verwagting is dat hy in die laaste deel van die jaar aansoek by die klassis sal doen om geëksamineer te word as predikant.

Die werk in Soshanguve-Suid is baie geseën. Afgelope November is daar weer nuwe lidmate toegelaat; daar is nou meer as 100 lidmate, waarvan ongeveer 50 belydende lede. Daar is reeds 'n stuk grond aangekoop waarop 'n kerk gebou kan word, en planne word gemaak om befondsing te kry vir die bou van 'n kerk. Jerry bied katkisasie-klasse aan en lei ook gereelde Bybelstudies.

SOSHANGUVE SUID-OOS

Die jeug van Soshanguve het laasjaar 'n evangelisasie-aksie onderneem in die nuwe woongebied van Soshanguve Suid-Oos. Dit is 'n gebied wat sterk groei, en waar nog

maar min kerke beskikbaar is vir die inwoners. Die aksie het gelei tot die oprigting van 'n vaste preekpunt. John Mahlangu en Thabo Matlaela werk in die jong gemeente. John werk as evangelis, terwyl Thabo as Mukhanyo-student deeltydse praktiese werk doen. Dit hou onder meer in gesprekke met nuwe kontakte, huisbesoeke, preekvoorsiening, ens. Daar is 'n toelatingsklas vir nuwe lidmate.

SOSHANGUVE-SENTRUM

Soshanguve-Sentrum is 'n minder goeie wyk. Hier woon vernaamlik ou mense en kinders. Die gemeente bestaan al jare lank, en daar is 'n gestadige groei. Op hierdie stadium is daar ongeveer 50 lidmate, waarvan 30 belydend. Helaas is daar gesien die demografiese omstandighede maar min manslidmate. Dit beteken ook dat die vooruitsigte vir 'n eie kerkraad en toekomstige selfstandigheid minder gunstig is. Ons student George Mnisi doen baie werk in die gemeente. Onlangs nog kon daar 'n aantal lede toegelaat word, en 'n aantal lede en kinders gedoop word. Ook hier bly die Here werk!

DS. DE VISSER

In 1991 het ds. Arjan de Visser sy werk as sendeling in Soshanguve begin. Die Here het sy arbeid geseën, en laasjaar het die gemeente in Soshanguve-Noord selfstandig geword. Daar is sendingsgemeentes in Soshanguve-Sentrum, Suid en Suid-Oos. Enkele maande terug kon hy die diens lei waarin ds. Magagula bevestig is. Hy het gesien hoe daar uit die gemeentes manne opgestaan het wat die gawes gehad het om opgelei te word tot ouderling. Ander het hulle ingeskryf by Mukhanyo Theological College, waar hy onder andere vir hulle kon klasgee. Hy was verantwoordelik vir die samestelling van die Mukhanyo Plus program. In die tussentyd het hy ook nog kans gesien om sy doktorsale studie

klaar te maak. Die laaste jare het sy werk meer en meer verskuif na begeleiding en toesig van medewerkers, in plaas daarvan om die werk alles self te doen.

Ons susterkerke in Kanada het ds. De Visser beroep as dosent aan die Teologiese Universiteit van Hamilton, en ds. De Visser het die beroep aangeneem. Hy sal saam met sy gesin Suid-Afrika op 31 Mei verlaat.

Na ongeveer 15 jaar in die sending sal ons sy bydrae en sy ervaring baie mis. Ons wens hom en sy gesin die seën van ons Vader toe in die nuwe werk en die nuwe omstandighede.

SOSHANGUVE-NOORD

Soos u weet is die gemeente van Soshanguve-Noord vanaf 30 Maart 2003 selfstandig. Vanaf 7 September het hulle 'n eie predikant in die persoon van ds. Magagula. Die gemeente is besig om homself tuis te maak en sy voete te kry in die kerkverband en die klassis. Die gemeente voel homself sterk betrokke by die sendingwerk, en hulle besin ook oor hoe hulle daarvan deel sal kan word.

'n Paar jaar gelede het gemeentelede uit Soshanguve 'n gereformeerde laerskool opgerig; die Lesedi Christian School. Met behulp van Inge de Visser het die skool uitgegroeï tot 'n lewensvatbare instituut. Die skool gebruik op hierdie stadium nog die gebou en terrein van die gemeente van Soshanguve-Noord, en hoop om in die toekoms 'n eie skoolgebou te kan neersit. Lede van die gemeente is aktief as onderwysers of in die bestuur van die skool.

DS. BOSMAN

Ds Bosman kon die sendingwerk in Mamelodi lei na die instituering van die gemeente einde 2002. Vanaf die tyd het sy taak uit drie dele bestaan: konsulentenskap by die gemeente van Mamelodi, die versorging van die preekpunt in Nellmapius en sy werk aan Mukhanyo. Die Mukhanyo Theo-

logical College het hom gevra om die vise-rektorskap oor te neem, naas sy gewone taak daar van klasgee aan studente. In die loop van die tyd het die selfstandigwording van Mamelodi daartoe gelei dat sy werk as konsulent daar steeds minder geword het. Begin van hierdie jaar kon die deel van ds. Bosman se taak gefinaliseer word.

MAMELODI EN NELLMAPIUS

Die gemeente van Mamelodi het ontstaan uit die sendingwerk. As gevolg daarvan het die gemeente 'n baie sterk oortuiging dat sending 'n belangrike deel van hulle verantwoordelikheid is. 'n Aantal jare terug is daar 'n preekpunt geopen in die nuwe wyk Nellmapius. Baie lede van die gemeente het daarheen getrek, en die gemeente van Mamelodi was vanaf die begin betrokke by die onderhouding van die preekpunt. Na die selfstandigwording van Mamelodi het die werk in Nellmapius deurgegaan onder verantwoordelikheid van ds. Bosman. Student Sam Mathlokoane doen deelyds praktiese werk. Verder word die preekpunt versorg deur ds. Mogale en die kerkraad van Mamelodi.

Ondertussen het die gemeente van Mamelodi 'n versoek gerig tot die sendende kerk of hulle ds. Bosman vir 'n gedeelte van sy tyd kan gebruik vir die werk in Nellmapius.

DIE TOEKOMS VAN DIE SENDING

Daar het in die afgelope jare baie verander in die sendingwerk in Tshwane. Daar is twee selfstandige gemeentes, altwee met 'n predikant uit eie geledere. Waar ons 'n paar jaar terug nog drie blanke sendelinge gehad het, en op soek was na 'n vierde sendeling, is daar nou net nog ds. Bosman wat vir 'n gedeelte sy tyd nog 'in die veld' as planter werk.

Die visie van die sending was al jare lank dat plaaslike medewerkers opgelei sou word wat die eintlike plantingswerk en gemeente-opbouwerk sou doen. Ons het in die afgelope jare dan ook meegemaak dat Tebogo Mogale en



Die span sendingwerkers in Soshanguve: (van links na regs): John Mahlangu, George Mnisi, Ds. Magagula, Thabo Matlaela, Jerry Mhlanga.

Piet Magagula by Mukhanyo Theological College hul studies kon voltooi. Laasjaar nog het Jerry Mhlanga sy BTh klaargemaak. Ondertussen is ds. Mogale en ds. Magagula ondersoek deur die sinode en in hulle amp as predikant bevestig. Jerry hoop om later hierdie jaar ook deur die klassis ondersoek te word.

Op hierdie stadium is daar vier studente: George Mnisi, Sam Mathlokoane, Thabo Matlaela en Phineas Kgatle (laasgenoemde word volledig deur die Mamelodigemeente ondersteun). Al vier studente is met hulle BTh graad besig, en sal na verwagting binne die komende drie tot vier jaar klaarmaak.

Gesien die visie van die sendingsprojek was dit die laaste jare dan ook ds. De Visser se taak om ons studente te begelei by die praktiese werk in die gemeentes, en gedeeltelik om bestaande gemeentes van advies te dien. Hierdie begeleidende taak is nog steeds 'n noodsaaklikheid vir die komende paar jare, en daarom gaan die proses rondom die beroeping van 'n vierde sendeling nog aan.

Die verwagting is dat dit 'n rukkie sal vat voordat 'n opvolger vir ds.

De Visser aan die werk kan gaan. Vir die oorbruggende periode word daar ywerig gesoek na tydelike oplossings. Verskillende predikante en emeritus-predikante met sendingservaring is genader om vir 'n aantal maande bystand te verleen. Ons is bly om te kan vertel dat ds. T. de Boer van Amersfoort, toestemming by sy kerkraad gekry het om vir 3 maande, vanaf middel Julie tot middel Oktober, hier te kom werk. Verder sal ds. Kleijn van die Pretoria-gemeente, vanaf middel Oktober tot middel Januarie 2005 deelyds by die sending betrokke wees. Br. Hilko Lubbinge het homself bereid verklaar om as oorbruggende kontakpersoon sorg te dra vir kontinuïteit.

Dit is baie verblydend om te sien dat die gemeente van Soshanguve-Noord saam met die medewerkers en studente wat in Soshanguve werk ook eienaarskap gevat het en begin het om die implikasies van ds. De Visser se vertrek te bespreek.

Samevattend kan ons ons verheug in die groot werke van die Here in die sending. Waar ons as mense soms amper moed verloor het, het Hy altyd 'n uitweg gewys, en sy koninkryk opgebou. Aan Hom kom al die eer toe! ✠

SENDING EN HULPVERLENING

J Moes

TEMA: SENDING

Die taak van die kerk is om die Evangelie uit te dra. Baie keer word die evangelie deur sendingwerk gebring aan volke en kulture wat in behoeftige omstandighede leef. Moet in hierdie geval slegs die Woord verkondig word of moet daar gelyktydig ook barmhartigheid bewys word? En indien wel, wat is dan die verhouding tussen Woordverkondiging en hulpverlening? Is daar 'n gevaar dat mense hulle by die sendinggemeente voeg louter vanweë materiële voordele? Oor die verhouding tussen sending en hulpverlening het die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) (GKNv) in Nederland oor die laaste 60 jaar 'n taamlike ontwikkeling deurgemaak. Omdat die GKNv saam met die VGKSA in Suid-Afrika in 'n sendingverband betrokke is, moet ons kennis neem van hierdie ontwikkeling.

Die Sinode Zuidhorn (2002/03) van die GKNv het deputate aangestel met die opdrag om 'n geïntegreerde beleid vir sending, hulpverlening en opleiding te ontwikkel en dit voor te lê aan die eerskomende sinode van Amersfoort (2005). Hierdie Deputate ZHT ("Zending, Hulpverlening en Training") het reeds konsepte van dele van die beleidsdokument opgestel en dit welwillend ter beskikking gestel het vir gebruik in Kompas. In 'n bylae tot die beleidsdokument word 'n kort historiese oorsig gegee van die ontwikkelinge binne die GKNv, tot met die huidige beleid. Hierdie bylae vorm die basis van hierdie artikel.

Gereformeerde kerke het altyd besef dat Christus opdrag gegee het tot sending en barmhartigheidswerk. Dit word binne die gemeente weer-spieël in die ampte van die kerk, waar ouderlinge en predikant(e) verantwoordelikheid dra vir die Woordverkondiging en die diakens verantwoordelik is vir die versorging van behoeftige lidmate. Op die sendinggebied was hierdie koppeling egter nie altyd so nou nie en is daar verskillend gedink oor die verhouding tussen Woordverkondiging en barmhartigheidswerk.

Kort na die laaste wêreldoorlog het die GKNv besluit dat die sendingwerk volledig onder die verantwoordelikheid van die plaaslike kerke

val. Die Woordverkondiging as sulks is beskou as die taak van die plaaslike kerk, terwyl barmhartigheidswerk gesien is as die taak van die lidmate in wyer verband en aan hulle inisiatief oorgelaat is. Kerke wat hulle geroepe gevoel het tot sendingwerk en daartoe in staat was, het sendende kerke geword en samewerking van ander kerke gesoek binne 'n sendingressort. Daar is in die jare 50 ook 'n hele aantal privaat stigtings en verenigings opgerig vir hulpverlening op die sendinggebiede. Sendelinge is uitgestuur deur die kerke en die verenigings het saam met die sendelinge hulpwerkers uitgestuur vir mediese sorg, onderwys, landbou ontwikkeling en dergelike.

VAN DESENTRALISERING NA SENTRALISERING

Hoewel hierdie desentralisering die verantwoordelikheid van plaaslike kerke en lidmate benadruk het, het dit ook gelei tot 'n versnippering van kragte en doelwitte. Dit het verhoed dat 'n gekoördineerde aanpak en uitwisseling van ervaring en deskundigheid kon ontstaan. Hierdie negatiewe aspekte is besef en die behoefte aan koördinasie, oorleg en samewerking het gegroei. In die jare 70 het 'n aantal privaat organisasies vir barmhartigheidswerk op die sendinggebiede hulle verenig in die vereniging De Verre Naasten. Die GKNv sinode van 1975 het ook gereël dat samewerking van sen-

dingwerk gereël moes word binne kerklike ressorte. Maar die primêre verantwoordelikheid vir die sendingwerk het by die kerkrade van die sendende kerke gebly.

In die jare daarna is in 'n aantal kerkverbandelike regio's die toesig op die sendingwerk op regionale vlak georganiseer. Die werk is nog wel uitgevoer deur 'n kerkrade of sendingkommissie, maar hulle was verantwoording skuldig aan regionale sendingdeputate. Nog weer later het alle sendende kerke begin saamwerk in 'n "Kommissie van Samewerking". Vir sekere groter sendinggebiede, soos Indonesië, het die sendende kerke 'n "Kommissie van Oorleg" gevorm, waarby later De Verre Naasten (DVN) en Deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK) van die GKNv aangesluit het.

"WOORD EN DAAD" VERBIND

As gevolg van die organisatoriese skeiding tussen Woordverkondiging en hulpverlening ("Woord en Daad") het die verkondiging van die evangelie en die betoon van barmhartigheid twee verskillende sake geword. Vanuit die praktyk van die sendingwerk het egter die behoefte gegroei om "Woord en Daad" aan mekaar te verbind. Die verskillende werksaamhede sou beter op mekaar afgestem moet word, terwyl die koppeling tussen "Woord en Daad", as beeld van Christelike verantwoordelikheid, sigbaar gemaak moet word. Dit word ondersteun deur die visie op die mens as beeldraer van God. Elke mens moet in staat gestel word om te beantwoord aan sy oorspronklike roeping in God se koninkryk en skepping. In hierdie taak is hulpverlener en hulpontvanger vir God gelyk en het 'n verantwoordelikheid ook teenoor mekaar.

Gelyktydig het daar ook 'n verbreding van die werk ontstaan. Deur die ontwikkeling tot min of meer selfstandige sendingkerke het die behoefte ontstaan tot hulp by die gemeentelike opbouwerk, by teologiese opleiding en by die

vorming van 'n kerkverband. Hierdie behoefte uit die sendinggebiede van die GKNv is versterk deur soortgelyke behoeftes van jong kerke in ander wêrelddele, wat ontstaan het deur sendingwerk van ander kerke as die GKNv en waarmee die GKNv in kontak gekom het. Hierdie kerke het deur Deputate BBK van die GKNv dikwels die wens uitgespreek vir hulp met hulle kerklike opbouwerk, asook met sosiaal-ekonomiese projekte. Dit het in die praktyk gelei tot 'n steeds sterker samewerking tussen die sendende kerke, Deputate BBK en DVN.

INTEGRASIE

Deur die hierbo genoemde ontwikkelings het die skeiding tussen aktiwiteite van die kerke (sending en BBK) en DVN steeds minder duidelik geword. Die behoefte het gegroei om die samewerking tussen sending en barmhartigheids-werk ook op organisatoriese vlak vorm te gee. Verder het, op Bybelse gronde, die insig gegroei dat die kerklike verantwoordelikheid tussen Woordverkondiging en hulpbetoon geïntegreer behoort te word. Hierdie saak het vanaf 1990 op die agenda van die verskillende sinodes van die GKNv gestaan, wat gelei het tot 'n proses van gesamentlike besinning en beleidsontwikkeling. Die sinode van Leusden van 1999 het besluit tot die benoeming van Deputate "Zending en Hulpverlening" (Z&H). Een van hulle opdragte was om ondersoek in te stel na die moontlikheid tot integrasie van Deputate Z&H, Deputate IRTT en die vereniging DVN.

Deputate IRTT is ingestel deur die voorafgaande sinode van Berkel en Rodenrijs (1996) en hulle was verantwoordelik vir die "Institute of Reformed Theological Training" (IRTT). Die werksaamhede van die IRTT omvat die aanbied van teologiese kursusse in Nederland vir buitelandse studente en kerklike voorgangers en kort kursusse in die buiteland. Ook die aanvullende

opleiding van GKNv sendelinge, evangelisasie-predikante en ander sending- en evangelisasiewerkers is deur die IRTT oorgeneem van die vroeëre "Gereformeerde Missiologische Opleiding". Verder het die IRTT met ander deputate en belanghebbendes saamgewerk aan beleidsvorming vir sending en ekumene.

Daar is bevind dat integrasie tussen Deputate Z&H, IRTT en DVN op alle vlakke noodsaaklik is. Hierdie integrasie het inmiddels vanaf 2000 begin deur die gesamentlike funksionering van die drie onderskeie besture en die verandering van DVN van 'n vereniging na 'n stigting. Vanaf 1 Januarie 2002 het dit sy beslag gekry deur 'n geïntegreerde uitvoerende kantoor met die naam "De Verre Naasten – Instituut voor Zending, Hulpverlening en Training van de Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) in Nederland", afgekort tot DVN.

Omdat die ou IRTT nou 'n afdeling geword het van die nuwe DVN en nie meer 'n selfstandige instituut vorm nie, is sy naam verander na "Intercultural Reformed Theological Training" (dus nog steeds afgekort tot IRTT). Die hulpprogramme van Deputate BBK is ook oorgedra aan hierdie nuwe geïntegreerde organisasie. Die onlangse Sinode Zuidhorn (2002/03) het hierdie integrasievoorstelle aanvaar en het Deputate Z&H en IRTT saamgevoeg tot een deputaatskap vir "Zending, Hulpverlening en Training" (ZHT).

BELEID ZHT

Die huidige ontwikkeling van geïntegreerde sending en hulpverlening is reeds vasgestel op die sinode van Leusden (1999). Op hierdie sinode was daar briewe van 'n aantal sendende kerke met besware teen die beoogde sentralisering en professionalisering van sending en hulpverlening (o.a. Drachten en Friese sendingdeputate, Rijnsburg en Middelburg). Die sinode het egter die beleid in hierdie rigting

voortgesit, sonder om regstreeks op die besware in te gaan.

Sinode Leusden (1999) het Deputate Z&H opdrag gegee om, in oorleg met die sendende kerke, algemeen kerkverbandelike beleid te ontwikkel op die gebied van sending, hulpverlening en opleiding, en om dit uit te voer. Die proses van beleidsformulering het in 2001 begin. Beleid en uitvoering is gerig op 'n verantwoorde samehang tussen "Woord en Daad". Ondanks die ontwikkelings tot sentralisering en professionalisering, moet daar voorkom word dat sending en hulpverlening ontkoppel word van die verantwoordelikheid van die plaaslike kerke en van die betrokkenheid en vrywilligerswerk op gemeentelike vlak. Dit is 'n uitdaging. Die primêre verantwoordelikheid van ondersteuning van sending en hulpverlening lê dus nog steeds by kerkrade en diakens. Hierby het die diakens spesiaal die taak om die gemeentes op te roep tot meelewe, gebed en steun.

Vir die VGKSA, as die GKNv se samewerkende kerke vir sendingwerk in Suid-Afrika, lê hier 'n ooreenstemmende verantwoordelikheid. Die inisiatief vir verdere besinning en oorleg sal seker vanuit die GKNv kom, want Sinode Zuidhorn het Deputate ZHT o.a. opgedra (Art. 133, besluit 2, item b.13) om aan die volgende algemene sinode 'n dokument voor te lê vir goedkeuring waarin die onderdeel van Algemeen Beleid, wat besonderlik gerig is op die vormgewing van die verhouding met oorsese vennote en die programme wat met hulle verwesenlik moet word, op 'n samehangende wyse beskryf is en waarby die insette van die sendende instansies verwerk is. Ons vertrou dat die meer gesentraliseerde en professionele aanpak vanuit Nederland sal lei tot meer doeltreffende uitdra van die Evangelie van verlossing en genade, ook in Suid-Afrika. ▣

ONDERHOUD MET DS ARJAN DE VISSER

H. Roos

TEMA: SENDING

In 1987 het jy met Dogmatiek as hoofvak jou Magisterstudie in Teologie in Kampen voltooi en 2 jaar later het jy as sendeling in Soshanguve begin werk. Hoe het dié oënskynlik drastiese koersverandering gebeur?

In die laaste jare van my studie in Kampen was ek onseker oor my toekoms en oor my roeping. Ek het nie kans gesien om 'n predikant in 'n gemeente te word nie. Ek het toe besluit om vir eers ander werk te soek en ek het by Nederlands Dagblad as 'n joernalis begin werk. Dit was 'n interessante tyd. 'n Mens besoek allerhande plekke en persone, en bowendien hou ek van skryf. Ek het egter besef dat my teologiese kennis 'n "talent" is wat ek op een of ander manier moet gebruik. Toe ek in 1988 Suid-Afrika besoek, het ds. Tjeerd de Boer gevra of ek nie belangstel om sy kollega in Mamelodi te word nie. Ek het toe 'n week lank met hom saamgestap en die werk deurgekyk, en na oorweging en gebed tot die oortuiging gekom dat dit is waar die Here my roep.

Toe jy in 1989 in Mamelodi begin werk het, hoe het die sending wat deur ons kerkverband bedryf is, daar uitgesien?

In Mamelodi was daar 'n gemeente van om en by die 200 lidmate wat op twee plekke vergader het (Oos en Wes). Behalwe ds T de Boer was daar ook 'n evangelis (MB Mogashoa). In daardie dae was die sending-werk nog onder die toesig van die kerk in Drachten-Zuid/Oost in Nederland. By Kaapstad was daar die werk in Belhar wat nog in 'n beginstadium was. In 1991 het ds. Van 't Foort gekom.

Kan jy in breë trekke die ontwikkeling skets?

Die eerste jaar kon ek gelukkig my tyd vat om Sotho te leer praat, en om gewoon te raak aan die mense en die omstandighede in die townships. Omdat daar vir Mamelodi genoeg mannekrag was (met die evangelis wat bygekom het), het die gedagte opgekom om 'n nuwe sendingprojek te begin. Soshanguve was die voor die hand liggende keuse omdat daar reeds 'n groepie lidmate was wat in die verlede vanaf Mamelodi soontoe getrek het. Vanaf 1991 is ek verantwoordelik gestel vir die werk in Soshanguve. Ek het op twee plekke begin werk: Sentrum (die ou deel) en Noord ('n nuwe uitbreiding). Die Here het die werk geweldig geseën. In Noord het die gemeente vinnig gegroei. Na vyf jaar was daar omtrent 200 lidmate en in 1996 is daar 'n kerkgebou geopen. In Sentrum was dit baie moeiliker (juis omdat dit 'n gevestigde omgewing was) en het die getal lidmate jare lank onder 50 gebly.

As mens as blanke sendeling in Soshanguve rondloop en aan die deur klop van vreemde mense wat kultureel en sosiaal ver van jou verwyderd is, hoe kry mens 'n geestelike gesprek aan die gang? Hoe reageer hulle op sulke gesprekke?



Dit maak 'n enorme verskil as jy die mense se taal magtig is. Die oomblik as ek 'n swartman in sy eie taal groet, is die deur oop. As ons daarna begin gesels en hy kom agter dat ek ook goed op hoogte is van die gebruike en van die alledaagse lewe van die swartmense, dan is daar glad nie 'n probleem om oor enigiets te gesels nie, insluitende geestelike sake. Dit impliseer natuurlik dat 'n mens jou bes moet doen om die taal en kultuur te leer ken. Ek het eers na sowat vyf jaar die gevoel gekry dat ek werklik goed ingegrawe is. En ek leer nog altyd nuwe dinge!

Oor die algemeen het ek gevind dat vroue meer oop is vir die evangelie as mans. Een van die redes is waarskynlik dat 'n man weet dat hy heelwat voorregte moet afstaan as hy regtig 'n Christen wil wees. Hy moet tevrede wees met een vrou, hy moet meer tyd met sy gesin spandeer, hy moet die bier laat staan, ens. By vroue is dit anders. Hulle posisie verbeter gewoonlik wanneer hulle Christene word. Wat my verbaas het, is hoe goed ek aansluiting gevind het by die jeug in die townships. Baie van hulle was van gebroke gesinne afkomstig. Maar miskien was dit juis ook die aantrekkingskrag van die gemeente dat hulle daar 'n tuiste gevind het. Ek dink dat ek ook vir baie jongmense 'n soort van 'n vaderfiguur was.

Ons weet dat die Here die werk in Soshanguve ryklik geseën het en dat daar baie groei was, maar 'n sendeling moet tog planmatig werk om uiteindelik by daardie selfstandige gemeente uitkom. Vertel bietjie wat die belangrikste bakens van so 'n plan is en hoe dit

in jou sendingsgebied gemanifesteer het.

Dit is enige sendeling se visie dat die sendinggemeente waar hy werk, selfstandig moet word. Vanuit daardie perspektief is dit dus belangrik om verantwoordelikhede aan die mense self oor te dra. As jy dit nie doen nie, word die mense nie selfstandig nie. As jy egter te vroeg daarmee begin, loop jy die risiko dat ongeestelike mense leiding neem en die gemeente verwoes. Nadat ek sewe jaar in Soshanguve-Noord gewerk het, het ek ongeduldig begin raak. Ek het gevoel dat dit tyd raak om broeders as ouderlinge aan te stel. Daar was drie broeders met leierseienskappe in die gemeente, maar ek was onseker oor hulle, en ek het besluit om liewer te wag.

Agteraf is ek baie dankbaar dat ek toe nie deurgedruk het nie, want dit was die verkeerde ouens. Ek moes weer van vooraf begin met 'n nuwe groep kandidate, en hierdie keer het ek baie meer gefokus op die integriteit van die persoon as 'n Christen. Ek wou absoluut seker wees dat die kandidaat-ouderling 'n opregte Christen is, volgens die eise van 1 Timoteus 3. Uiteindelik het dit ons 12 jaar geneem voordat ons ouderlinge aangestel het, maar toe was ek seker dat dit die regte manne was.

Ek weet nie of ek so verskriklik planmatig gewerk het nie. Ek het maar net geleer dat jy die fondament reg moet lê. Daar moet opregte bekering wees. Jy het 'n kern van lidmate nodig wat absoluut Christene is. Eers as jy dit het, kan jy begin werk na selfstandigheid. Maar juis daardie fondament kan 'n mens nie beplan nie. Al wat jy kan doen, is om aanhoudend en orals die evangelie van Jesus Christus te verkondig, in die kerk en in die huise. Sendelinge moet baie huisbesoeke doen, en ek glo gewone predikante ook. Verder hang dit van die Here af wat die wedergeboorte en die groei in geloof moet gee. En dit het Hy ryklik gedoen!

In die tyd wat jy hier werksaam was, het die Here ooit vir jou 'n deur gesluit?

Ja, daar was inisiatiewe wat misluk het (bv. 'n gemeente in GaRankuwa). Daar is persone van wie ons groot verwagtings gehad het maar wat teleurgestel het.

'n Sendeling beweeg per definisie altyd verder na 'n nuwe gebied. Tog is dit natuurlik dat gemeentelêde 'n mate van afhanklikheid ontwikkel teenoor hul geestelike leier. Hoe het dit in jou werk gemanifesteer en wat het jy daaraan gedoen?

Op die sendingveld kyk die mense aanvanklik meer na watter persoon jy is as na watter boodskap jy bring. Dit is dus belangrik dat jy as sendeling iets van die persoon van jou Sender weerspieël. As mense na jou kyk, moet hulle die Here Jesus in jou houding en optrede kan herken.

Alhoewel niemand die Here se ewebeeld is nie, is dit tog so dat deur die werking van die Heilige Gees daar 'n aantrekkingskrag ontstaan. Ek weet dat mense by ons gemeente aangesluit het omdat die prediking hulle in die hart geraak het. Maar dit was ook belang-

rik dat hulle my ervaar het as 'n betroubare persoon wat vir hulle omgee. Hulle het ook daarvan gehou dat ek in staat was om leiding te gee aan die gemeente, om te sorg dat rusies nie hand uit ruk nie, en dat daar vrede in die gemeente was. Ek sê dit sonder om myself daarin te prys. Dit is gawes wat die Here my gegee het wat in die sendingsituasie gebruik kon word.

Ek het probeer om hierdie gawes op so 'n manier te gebruik dat dit die groei van die gemeente bevorder sonder dat die mense te afhanklik raak van myself. Ek het bv. so gou as moontlik broeders begin inskakel by sekere take, en ek het myself stadig maar seker begin terugtrek van die prediking in Soshanguve-Noord. Waar ek aanvanklik 3x per maand daar gepreek het, het ek dit verminder tot 2x en later tot 1x per maand. So het die mense gewoon geraak aan die idee dat dinge voortgaan ook as ek nie altyd daar is nie.

Hoe verskil die 'nuwe' gelowige van mense wat met geloof en kerkgang groot geword het?

Baie min. Aanvanklik is daar dikwels 'n soort van wittebroodstyd as mense die Here vir die eerste maal werklik leer ken het. Dan is hulle diep dankbaar oor die verandering in hulle lewe en oor die bevryding van hulle ou lewensstyl. Maar daarna kom daar dikwels ook in die gemeente moeite en spannings. Die gemeente in Soshanguve-Noord is nou al 'n gewone VGK-gemeente: die mense skinder oor mekaar, kla oor die dominee se preke, is agterdogtig oor wat ander lidmate van hulle dink, ensovoorts. Gelukkig is daar ook mense wat aanhou groei en 'n ryper stadium van Christenskap bereik.

In watter mate verskil die geestelike behoeftes van mense in Soshanguve-gemeente van dié van bv. Pretoria-gemeente?

Ek kan nie aan iets dink wat werklik anders is nie. Enige mens het 'n behoefte aan pastorale aandag en liefde. Enige gemeente het 'n behoefte om die evangelie van genade deur Here Jesus te hoor. Enige gemeente sterf 'n stadige dood as die gekruisigde en opgestane Christus nie meer sentraal staan nie. Onder 'n dun lagie van kulturele gewoontes wat verskillend is, is daar orals dieselfde nood. Wit skape of swart skape, hulle soek almal die Herder wat omgee en vir wie hulle kan volg.

In watter mate het hul kulturele agtergrond 'n invloed op hul geloofservaring, groei en uitewing?

Ek ervaar die eredienste in die blanke gemeentes as taamlik formeel, terwyl die eredienste in Soshanguve meer informeel en tog stylvol is. Maar ek weet nie of dit na 'n verskil tussen blank en swart teruggelei kan word nie. Daar is ook Westerse kerkgemeenskappe (selfs gereformeerdes) wat 'n meer informele styl handhaaf.

Ek dink wel dat daar 'n verskil is met betrekking tot die verhouding tussen die individu en die groep. Ons blankes is meer individueel, en die swartmense is meer groepsbewus. Die eenheid en die vrede binne die



George Mnisi en ds Arjan de Visser

groep (die gemeente) is belangrik. Daarom is hulle oor die algemeen meer akkommoderend as ons. Hulle sal graag buigsam wees om konflik te vermy. Hierdie houding maak dit soms moeilik as die tug geoefen moet word. Swartmense ervaar dit bv. as baie konfrontierend as daar afkondigings oor tuggevalle gelees word. 'n Ander verskil het betrekking op die gesinslewe en die rol van man en vrou. In die blanke gemeenskap is die gesin baie belangrik. Man en vrou sit saam met die kinders in dieselfde bank in die kerk. By die swartmense is dit anders. Dit gebeur selde dat 'n egpaar langs mekaar in die kerk sit.

Vertel 'n bietjie van die geestelike versoeking wat Christene uit inheemse bevolkingsgroepe het in vergelyking met dit van Westerlinge.

Baie versoekings is dieselfde. Of 'n mens van 'n blanke of 'n swart gemeente praat, die bekende begeertes soos hebsug, magswellus, en seksbelustheid loop jy orals raak. Verder moet 'n mens onthou dat Soshanguve 'n stedelike gebied is. Die jongmense is redelik los van die ou tradisies. Vir hulle is die belangrikste versoekings eerder die tipiese Westerse begeerte na rykdom, *glamour*, mooi klere, selfone, ensovoorts. Vir die ouer garde is daar nog wel die versoeking om met die voorouergeeste te werk.

Kultuurverskille en klasverskille is sinoniem aan die Suid-Afrikaanse samelewing. Hoe het jy die kulturele en sosiale gaping tussen die blanke en swart gemeentes ervaar en in watter mate beïnvloed dit die werking van die kerkverband?

My kinders is op blanke, gereformeerde skole in Pretoria, en hoor elke nou en dan iets oor wat kinders by die skool oor swartmense te sê het. By baie van ons blanke lidmate is daar nog steeds 'n innerlike weersin teen kontak met swartmense. Ek het dus geen groot verwagtings van 'n eenheid binne die VGK-kerkverband wat ook werklik *beleef* word nie.

Baie mense is soos my haarkapper. Die man weier om swartmense se hare te sny, maar omdat hy weet dat ek is 'n sendeling is, sê hy vir my dat hy nie 'n *rassis* is nie maar 'n *etniese realis*. Dit beteken so iets soos "ek het niks teen swartmense nie, maar blank

en swart kan nou eenmaal nie saamwerk nie". Tog glo ek dat die gaping tussen blank en swart die afgelope dekade kleiner geword het. Daar is heelwat broeders en susters wat daadwerklik met die sending meeleeft, wat graag in Soshanguve gaan kuier, en wat ook by sekere aksies betrokke is. Wat dit betref het daar baie dinge verbeter. Ek glo dat die eenheid tussen die blanke en die swart gemeentes ook op 'n teologiese vlak beleef kan word. Ek glo dat die blanke en die swart predikante in die toekoms behoort te kan saamwerk en mekaar kan opbou deur konferensies en gereelde kontak.

In watter mate word die gemeente in Mamelodi en Soshanguve deur Aids geraak? Is daar lede wat HIV-positief is? Is die onderwerp bespreekbaar?

Daar is lidmate wat Aids het, maar in hierdie stadium is dit nog uitsondering. Daar is waarskynlik lidmate van wie ons nie weet nie wat HIV-positief is. Tot dusver het ons baie min sterftes gehad, baie minder as in die breë gemeenskap waar honderde jongmense afgemaai word. Ek is die meeste besorg oor die susters wat met heidense mans getroud is. Die mans slaap rond en kan die siekte dan huis toe bring. Die mense sal nog vermy om die siekte se naam te noem en eerder van "daardie siekte" praat. Tog is die onderwerp redelik bespreekbaar. Ek weet bv. van 'n meisie wat aan 'n ondersteuningsgroep vir Vigs-slagoffers behoort en die hele gemeente is bewus daarvan.

10 jaar demokrasie: hoe het dit die woongebiede en meer spesifiek die gemeentes materieel en geestelik geraak?

Dit is fantasties dat die politieke spannings nie meer daar is nie. Die situasie is gedepolitiseer en dit is gunstig vir die verbreiding van die evangelie. Baie van ons lidmate is ook in materiële opsig beter af as tien jaar gelede. Kriminaliteit is wel 'n probleem, maar ons lidmate is meer bekommerd oor ander dinge, soos bv. of hulle kinders sal kan studeer, en of hulle 'n goeie werk sal kry.

Die toekoms van die sendingwerk: wat is die belangrikste 'issues' waarvoor voorbidding gedoen moet word?

Die sendinggemeentes rondom Pretoria kom in 'n volgende fase. Die eerste generasie sendelinge is besig om uit te faseer en die werk word al hoe meer oorneem deur inheemse kragte. Die belangrikste 'issue' is myns insiens dat daar 'n inheemse leierskorps moet kom wat nie kompromieë oor die evangelie sluit nie, en wat 'n liefde vir die Here en vir sy gemeente het, en wat goed met mekaar kan saamwerk. Wat dit betref is ons geseënd met die medewerkers en studente wat die Here vir ons gegee het. Daar is baie potensiaal. Mag daar baie voorbidding vir hulle gedoen word!

'Kurios en Morena', die konsep wat jy in verhandeling bestudeer het: het dit bevestig wat jy prakties reeds ondervind het, of het daar nuwe ontdekkings gekom? Kan jy die kern van die studie in 'n paragraaf opsom? Het dit jou benadering tot sendingwerk beïnvloed? Ek het 'n vermoede gehad wat deur my ondersoek



Ds. Arjan de Visser, Sam Mathlokoane en ds Piet Magagula

bevestig is. Ek het vermoed dat baie Christene in Soshanguve 'n vae beeld het van die persoon en die werk van die Here Jesus. Die meeste weet van sy lyding aan die kruis. Maar dat Hy vandag regeer, dat Hy die Here (die *Kurios*) is, is onbekend. Baie lidmate voel geen verantwoordelikheid ten opsigte van Christus self nie. Die gehoorsaamheid van die lidmate is dikwels aan die leiers van die kerk of aan die wette van die kerk gekoppel. Die Christendom in Afrika is dikwels wetties.

My studie het my praktyk van sending dryf inderdaad beïnvloed. Ek het meer bewus geraak van die noodsaak van die prediking van Christus as die lewende Heiland en Verlosser. Ek het meer as tevore my bes gedoen om die *worldview* van die mense te probeer verander, op so 'n manier dat hulle beseft dat ons leef onder 'n oop hemel, onder die koningskap van die lewende Jesus Christus wat sit aan die regterhand van God die Vader, maar wat tegelyk baie naby is deur sy Woord en Gees.

Wat is die mees bevredigende aspek van sendingwerk en wat van sendingwerk sal jy mis in die akademie?
Die mooiste aspek van sendingwerk is die daadwerklike oordra van die evangelie aan mense wat dit nie ken nie, en om dan te mag sien dat daardie persoon stadig maar seker tot geloof kom. In Soshanguve hoef 'n mens jou nie te bekommer oor die regulerende beginsel en die gesange-kwessie en al sulke goed nie. 'n Mens kan gewoon onder 'n doringboom gaan sit en dan net soos Filippus aan die man van Afrika "die evangelie van Jesus verkondig" (Hand. 8:35). As so 'n persoon dan maande later vir jou sê dat hy nou nie meer glo dat die voorouers "hom sien" nie maar dat die Here Jesus "hom sien", dan beseft jy dat jy betrokke was by iets wat ewigheidswaardig is. Daardie gesprekke oor die *basics* van die geloof en daardie betrokke wees by die daadwerklike bekering en geloofsgroei van mense van vlees en bloed – dit sal ek mis.

Dit is duidelik dat die opleiding van geestelike leiers na aan jou hart is. Het jy 'n loopbaan in hierdie vertakking van die akademie êrens in die toekoms in gedagte

gehad of is die koersverandering weereens so oënskynlik drasties soos in 1987?

Ek was natuurlik by Mukhanyo betrokke by teologiese opleiding van swart voorgangers. Ek het ook gedink dat ek op 'n manier sou betrokke wees as daar 'n eie opleiding van die VGK tot stand kom, maar ek het myself nooit as 'n voltijdse dosent gesien nie. My persoonlike ideaal was altyd 'n kombinasie van praktiese sendingwerk en deelyds klasgee aan teologiese studente.

Dat die Kanadese kerke my genader het om professor te word in Hamilton, was totaal onverwags. Dit is inderdaad 'n drastiese koerswysiging want Kanada was nooit in my gedagtes as 'n moontlike opsie nie.

Watter uitdaginge bied die akademie vir jou?

Ek sien daarna uit om myself te kan ingrawe in die vakgebiede wat aan my opgedra is. Ek is bly dat dit die praktiese vakke is, wat ook sending insluit. Verder hou ek daarvan om met teologiese studente te werk en om betrokke te wees by hulle akademiese en geestelike vorming.

Wat vir my aantreklik is van Hamilton, is die feit dat hulle meer studente uit Derde Wêreld-lande begin kry. Ek het 'n vermoede dat die Here 'n bedoeling daarmee het dat ek met my Afrika-ervaring nou geroep is om daar te kom werk. Ek hoop dat ek my Afrika-agtergrond in die toekoms sal kan gebruik.

Sien jy en jou gesin uit na 'n nuwe lewe in Kanada?

Ek moet sê dat die land self nie 'n groot aantrekkingskrag op ons uitoefen nie. As dit oor klimaat en natuurskoon gaan, sou ons liever in Suid-Afrika bly. Maar ons sien wel uit na die deel vorm van die kerkgemeenskap daar. Met 15 000 lidmate en 50 gemeentes is die Canadian Reformed Churches heelwat groter en breër as die VGK, en dit het beslis voordele. Verder het ons maar gemengde gevoelens. Dit is hartseer om afskeid te neem van mense en van dinge wat dierbaar is. Maar aan die ander kant is dit opwindend om 'n nuwe roeping te kry. Die Here het ons baie geseën terwyl ons hier gewerk het. Ons vertrou dat Hy dit ook daar anderkant weer sal doen.

Wat sal jy die meeste mis van Suid-Afrika?

Veral my werk en my vryheid as 'n sendeling. Verder, omdat ek nou betrokke was by sowel die blankes as die swartmense en altwee se tale gepraat het, was ek op 'n baie intensiewe manier deel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit sal ek ook mis.

Waar is tuis?

Dis die kortste en die moeilikste vraag van die hele onderhoud! My geestelike wortels lê in Nederland, maar ek het geen begeerte om weer daar te gaan bly of eendag daar oud te word nie. As ek droom oor die toekoms, sien ek myself die eersvolgende vyftien jaar in Kanada werk, en dan terugkom en 'n klompie jare klasgee by 'n teologiese skooltjie iewers in die binneland van Afrika. ☩

ONDERHOUD MET INGE DE VISSER

H. Roos

TEMA: SENDING

Reeds 5 jaar lank bedryf gemeentelede uit Soshanguve en Mamelodi 'n eie laerskool: Lesedi la Ditshaba Christian School. Vanjaar tel die skool 65 kinders tussen graad 0 en graad 5 en het Lesedi ook hul eie skoolhoof, Veronica Sethole, kon aanstel. Ek het met sr Inge de Visser gesels oor die ontstaan en ontwikkeling van die skool.

Hoe het dit gebeur dat Lesedi ontstaan het?

In Januarie 1999 het lidmate van die Sendinggemeente by Arjan gekom met die vraag of dit nie goed sou wees as daar in Soshanguve ook 'n Christelike skool kom nie. Hulle het gesien dat die kinders van die kerk in Pretoria en Kaapstad deeglike onderwys in die leer van die Bybel en in die Christelike lewe kry. Hulle het geweet dat dit die toekomstige kerk op 'n beter manier sal bou as wanneer die kinders skoolgaan in die staatskole. My man het aanvanklik gehelp, maar hy is ernstig oor sy eerste roeping en dit is die bou van die sendinggemeentes. Dus die tyd was nie meer daar vir die begeleiding van die bestuur nie. Daarom het ek vanaf Augustus betrokke geraak en elke Maandagaand Soshanguve toe gegaan vir die vergaderings. Hulle was baie entoesiasies en probleme was daar om opgelos te word. Die insette van die ouers se kant was regtig baie goed.

In ontwikkelingswerk gebeur dit so maklik dat die mense met kennis, geld en goeie bedoelings alles doen vir dié wat die ontwikkeling nodig het. Hoe het julle hierdie probleem ervaar en daarmee gewerk?

Ja, ons was van die begin af bewus van hierdie probleem. Ons wou hulle help maar met volle inskakeling van hulle eie moontlikhede. As ons daarvan vergeet het, het die gemeentelede in Pretoria ons wel daaraan herinner dat so 'n projek nie kan werk nie. Aanvanklik was ek die enigste een wat gehelp het, maar in 'n vroeë stadium is die organisasie KOOS (Komitee Ondersteuning Onderwys in Sending-situasies) opgerig. Dit is 'n ondersteuningsgroep waarsonder ons regtig nooit so ver sou kon vorder as wat ons vandag is nie. Die verkryging van amptelike registrasie was byvoorbeeld 'n groot probleem omdat die departement van

onderwys nie goed georden was nie. Daarvoor het KOOS baie gedoen. Natuurlik ook die fondse.

Laat ons eerlik wees: sonder finansiële ondersteuning kan hierdie skool nie slaag nie. Dit is onmoontlik. Die Here gee dan ook baie broeders en susters wat met liefde vir God se Koninkryk hierdie projek ondersteun. Ons het in Pretoria en in Nederland goeie skenkers. Dit is God se liefde vir hierdie mense wat uit die duisternis gekom het. Dit wil nie sê dat daar van die sendinggemeente se kant af nou niks gevra word nie. KOOS het byvoorbeeld 'n samewerkingsakkoord waarin beskryf is hoe ons saamwerk na selfstandigheid, ook finansiële. In Soshanguve word ook hard gewerk om fondse by mekaar te maak. Hulle is daarvan bewus dat daar nie vir altyd volledige ondersteuning gaan wees nie.

Met die ontwikkeling van die sendingwerk het daar ook begaafde mense saamgekom. Die penningmeester van die ouerbestuur in Soshanguve werk by ABSA en is op hoogte van subsidiemoontlikhede. Hy werk daaraan om by die bank ondersteuning te kry deur 'n goeie voorstel in te dien. Die samewerking daarin is goed omdat almal die noodsaak sien en oor ongeveer 5 jaar moet hulle self kan regkom.

Wat is die voertaal van die skool?

Engels, amptelik, maar hoe jonger die kinders is, hoe meer word Sotho en ander swart tale gepraat.

Van 2000 - Junie 2003 het die kinders by Johannes Calvyn skoolgegaan: wat was jou taak in daardie tyd?

Net wat ek altyd gedoen het. Toe het ek self nog nie klasse aangebied nie. My taak was om die onderwyseresse uit Soshanguve te begelei. In daardie dae het hulle nog die Heidelbergkursus gevolg. Dit is 'n kursus waarmee hulle inmiddels 'n B.A.-Graad in Christelike opvoeding behaal het. Die lesse het ek dan aangebied in Soshanguve (waar Graad 0 was) en 'n halfuur later in Pretoria, in die pouses van die skooltyd. Verder het ek in die klasse die lesaanbiedings gevolg en aanwysings gegee ter verbetering.



Wat was die voertaal toe?

Ook gewoon Engels. Die onderwyseresse uit Soshanguve het vir hulle eie kinders klas gegee. Die Pretorianers onthou nog wel die twee hout klaskamertjies wat daar vir dié doel opgerig is.

Vertel bietjie van die praktiese implikasies in die klassituasie van daardie tyd?

Die enigste nadeel was dat hulle so vroeg van huis af weg moes gaan en partykeer so laat terug was. Maar die lesse kon gewoon aangaan. Ek het selfs gesien dat die aanwesigheid by Calvyn laerskool sterk stimulerend gewerk het op die kwaliteit van die onderwys. Hulle het 'n goeie tyd daar gehad en die blanke onderwyseresse het die geleentheid gehad om liefde te betoon aan swart onderwyseresse en kinders. Daar was baie goeie kontakte wat net tot hul voordeel gestrek het. Die een en halwe jaar daar was 'n seën in meer as een opsig!

Waar word Lesedi tans gehuisves?

Hulle het twee containers (verskepingshouers) op die kerkerf waarin klas aangebied word vir Graad 0 en 1, en vir 2 en 3. Verder kry graad 4 en 5 klas in die kerk-saal van die gemeente Soshanguve-Noord. Dus daar is nog nie eintlik 'n eie gebou nie. Dit is 'n baie lang pad wat ons moet loop om 'n erf te kry om te bou. In Soshanguve-Noord vind daar nie eintlik oordrag van land plaas nie. Met die gevolg dat ons weet dat ons dit wel sal kry, maar ons moet waarskynlik net 10 jaar wag. Daar word elke keer gekyk na 'n ander oplossing, maar dit is nie so eenvoudig nie. Daar is wel fondse in Suid-Afrika wat vir hierdie bou gebruik mag word. Die probleem is die plek. Ons hoop KOOS mag spoedig wees met die verkryging van 'n erf op kort termyn, want volgende jaar moet daar nog 'n groep 'n plekkie kry. Daar is nou al 65 kinders.

Hoe word die lopende kostes van die skool gefinansier?

Die kinders wat skoolgaan betaal natuurlik skoolgeld. Maar dit is 'n lae bedrag van R150,00 per maand per leerling. 'n Klein maar seker deel van die inkomste.



Die bestuur is besig om subsidie aan te vra by die regering. Dit kan nou gedoen word omdat ons geregistreer is. Verder is daar die ondersteuning vanuit die blanke broederskap in Nederland en Suid-Afrika op verskeie maniere, deur sponsorprogramme of spesiale aksies deur kerke en skole.

Dit is geen geheim dat die behoefte aan goeie skoling in townships en HOP-huisgebiede groot is nie. Die situasie op die Kaapse Vlakte is ook skreiend en geld en werkers is min. Hoe pak mens so 'n projek aan sodat dit volhoubaar is ten opsigte van befondsing, administrasie en selfonderhouding?

Vra bietjie vir KOOS. Br Tjeerd de Wit en Lodewyk Ijlst en die susters Antoinette van Dyk en Anita Miske het nou amper 5 jaar ondervinding in die bestuur van so 'n projek. Hulle sal baie kan vertel oor die frustrasies en die mooi dinge. Maar een ding het hulle almal in hulle gedagtes: dat ons hierdie ROEPING het om te help voortgaan. Dit is nie die resultaat wat dryf nie, dit gaan om die gehoorsaamheid aan die Here. Dan leer jy elke keer weer hoe jy moet ondersteun. Hulle het nou byvoorbeeld weer uitgedink dat die bestuur van Johannes Calvyn 'n kursus moet aanbied aan die bestuur in Soshanguve oor hoe om 'n skool te bestuur. Dit vra geduld en insette, maar hulle doen dit! Ek dink ook dat daar daarom 'n kans op sukses is. As jy tyd en energie gee omdat jy die Here liefhet. Dan vind mens mekaar omdat jy dieselfde begeer en die Here dit wil seën.

In die lig van die groot behoefte aan skoling in townships, watter kriterium handhaaf Lesedi vir die toelating van kinders tot die skool?

Dit is in die eerste plek die kinders van die gemeentes. Daar is vier gemeentes in Soshanguve en uit elke plek kom daar kinders per taxi. Verder kan ook kinders van ouers wat meelewende lidmate is van ander kerke, toegelaat word. Met hulle word daar 'n gesprek gevoer oor die leerinhoud om te verduidelik dat ons regtig geen plek gee aan die ou godsdienste nie. As hulle saamstem, onderteken hulle 'n ooreenkoms oor die skoling van hulle kind.

Wat is die toekoms beplanning vir Lesedi?

Ons bid dat die skool sal kan aangaan. Elke jaar nog 'n graad by. Die onderwyseresse is goed gemotiveerd en hulle wil hulleself ook regtig beter bekwaam vir hulle taak. Die skoolplan moet elke jaar uitgebrei en verder ontwikkel word. Dit is harde werk. Vandaar dat die planne vir Lesedi maar beskeie is: asseblief, mag hierdie skool aangaan, kwaliteit verbeter en 'n bouplek wees vir die groeiende gemeentes. Ons hoop ook natuurlik om 'n gebou te mag kry. Die Here moes ons al wel baie geduld leer, en daarvan sal ook nog baie meer nodig wees ...



Jou spesiale belangstelling is 'die godsdienstige opvoeding en ontwikkeling van kinders'. Kan jy meer hieroor vertel?

Ja, hierdie is natuurlik 'n ander onderwerp, maar dit pas wel by wat die Here my hier laat doen het. In Nederland was ek ook in die onderwys betrokke. Deurdadig die Here my 'n sterk liggaam en 'n gedrewe gees gegee het was dit moontlik om ook vir kinders te skryf en te verduidelik wat en hoe ons van die Here ontvang. Die Here het my by 'n kollege vir onderwysers laat werk en later by 'n opleiding vir joernaliste. Jy sien, baie moontlikhede om deur die media die groot daad van die Here te help verkondig. Want dit was my liefde, van kleins af. Wat 'n kans het ek gekry om ook die kinderlike ontwikkeling te leer ken! Dit, gekombineer met die gawe van liefde vir mense, het gemaak dat ek kon doen wat ek mog doen.

Kan jy vertel hoe jy hierdie passie in die afgelope 15 jaar kon uitgeleef?

Daar is geen ander woord as: God se leiding. Is dit nie ongelooflik dat ek alles wat ek vroeër geleer het, hier in die sendingsituasie kon toepas nie? Dit het begin met die weeklikse Bybelstudie met die susters van die gemeente. Ruim 9 jaar kon ons dit met groot plesier doen en ek het die idee dat die susters ook baie geleer het, soos ek ook van hulle geleer het. Weet jy, as jy die Bybel lees deur die oë van jou swart suster, dan word dit alles nog ryker. Wat het ek baie van hulle geleer op die vlak van vertroue en oorgawe aan die Here! Hoe het ek nie geleer om die situasie nie belangrik te ag nie, maar op die Here en sy trou te fokus. Pragtige voorreg!

Toe die aanvraag vir Lesedi kom het ek my daarop gerig. Met en deur al die gesukkel het daar tog 'n pragtige onderwysinstelling aan die gang gekom. Onderwyseresse wat op 'n nuwe, Christelike manier leer dink

het oor die opvoeding. Dit is vir my byvoorbeeld 'n fees as ek hoor hoe die nuwe skoolhoof aan nuwe onderwyseresse verduidelik waarom ons dit so belangrik vind dat kinders boeke vat en hoe hulle die Bybelvertelling moet voorberei. Dan dank ek in my hart vir die sigbare seën wat die Here gee. Wat 'n ervaring - een wat ek graag aan elke blanke suster sou wou gee wat twyfel aan God se bedoelings met die nuwe Suid Afrika of wat sommer net van God se goedheid wil geniet.

Jy het heelwat boeke oor geloofsopvoeding in Nederland gepubliseer. Het jou ervaring in SA en veral op die sendingveld jou idees bevestig, verander of verkeer bewys?

Nee! Nee! My idees het beslis nie verander nie! Ek wens net ek het die Sotho so bemeester dat ek dit vir hulle ook so kon verduidelik. Daarom was dit vir my mooi dat ek die laaste twee jaar regtig self kon klasse aanbied aan die kinders vanaf Graad 4 van Lesedi. In Engels weliswaar, maar ek moes mooi dink en hard werk om ook vir hulle dieselfde te vertel as vir ons Nederlandse of Afrikaanse mense. Weet jy, hoe nederig dit 'n mens hou? Ek het myself al so dikwels gestremd gevoel en so geheel en al afhanklik van die Heilige Gees wat die brug moes slaan tussen die kulture. Maar Hy doen dit en dit is so fantasties om mee te maak.

Is kinders in beginsel wêreldwyd dieselfde ongeag hulle kultuur en omstandighede?

Jaseker! Elke mens het behoefte aan liefde en erkenning. En dit is vir my die mooiste van die lewe waar ook ter wêreld: as jy vertel van God se liefde vir sy eie skepping en spesifiek vir sy eie kinders dan sien jy aan die reaksie dat dit 'n mens regtig help om positief te kan lewe. Dan sien ek dat liefde wat deur hande en oë aangereik word elke mens laat blom en dit is God se bedoeling tog! Natuurlik is daar kulturele verskille wat jy aan gedrag agterkom. Maar kom kyk bietjie na die speelplekke van Johannes Calvyn en Lesedi: jy sien dieselfde. En dieselfde stryd om mekaar lief te hê. Daarom is die Evangelie so lewensnoodsaaklik! Ons mag nie ophou om dit orals verder te vertel nie want daardeur bly die lewe moontlik!

Is daar enige publikasies in die pyplyn?

Ag nee, daar is nie regtig tyd nie. Dit is net 'n paar artikels per jaar vir 'n Nederlandse tydskrif. Maar verder het die lewe my ingesluk en sal ek, as die Here ons dit laat belewe, in Kanada sekerlik die eerste tyd my hande en lewe gevul sien met die ma-wees in die gesin en die entoesiastiese ondersteuning van Arjan in sy nuwe werk. α

CHRISTUSPREDIKING VIR AFRIKA

Prof. Koos van Rooy

TEMA: *SENDING*

Dit het teenswoordig by Afrika-teoloë die mode geword om Christus te probeer afrikaniseer om Hom so vir die mense van Afrika aanvaarbaar te maak. Hulle doen dit deur Hom in die tradisionele Afrikagodsdiens te probeer invoeg. Hy sou dan die groot Voorvadergees wees, wat tussen die ander geeste op sy eie plek vereer moet word. Ongelukkig word in dié proses die Bybelse beeld van Christus vervals en verheids. Daar bly van die Christus van die Bybel min of niks oor nie.

Vir mense wat nie hulle geloof op die Heilige Skrif baseer nie, is dit natuurlik geen probleem nie. Vir Bybelgelowige Christene, egter, is so 'n benadering nie aanvaarbaar nie. Christus kan nie geafrikaniseer, geasiatiseer, geëuropianiseer of selfs vir die Afrikaner verafrikaans word nie. Hy is vir elke kultuur 'n vreemdeling. Hy is 'n struikelblok vir die Jode, 'n dwaasheid vir die Grieke, te emosioneel vir die Britte, te prakties vir die Indiërs, te onprakties vir die Amerikaners, te onbuigsaam vir die mense van Afrika. Nie net elke mens nie, maar ook elke kultuur is van nature vyandig teen Christus. Nie Hy moet by die kultuur aangepas word nie, maar die kultuur moet bekeer word en na sy beeld hervorm word.

Die natuurlike, onwedergebore mens is God se vyand. Daardie vyandskap word in sy kultuur weerspieël totdat dit gekersten word. My eie voorouers het by Dokkum een van die eerste sendelinge wat na hulle toe gekom het, vermoor. Christus kan nie as 'n element van die ou godsdiens verkondig word nie, Hy kom na elke volk en kultuur toe met die oproep tot bekering.

KONFRONTERENDE PREDIKING

Wat beteken dit nou vir die prediking van Christus in Afrika? Dit beteken eerstens dat so 'n verkon-

diging altyd konfronterend sal wees. "Bekeer julle!" sê Johannes die Doper aan die Joodse volk, nogal die verbondsvolk. Waarvan? Wat is verkeerd? Alles! Wie moet hulle bekeer? Almal! Dit geld vir elke volk, met name 'n volk wat uit 'n heidense wêreldbeeld tot die evangelie geroep word.

Indien die evangelie nie konfronterend verkondig word nie, kom die hoorders dikwels nie eers agter dat wat hulle hier hoor, hulle eie wêreldbeeld weerspreek nie. Om daar sin van te kan maak, verwing hulle dan die boodskap in hulle gedagte en pas dit so in verwronge vorm in hulle eie wêreldbeeld in. Dit is waar al die baie half-heidense sektes vandaan kom. Die Heilige Gees word dan as 'n soort voorvadergees verstaan, die doop en nagmaal as 'n vorm van magie, die diens van predikant as 'n vorm van kapteinskap, om maar 'n paar voorbeelde te noem.

Ek wil graag die ruimte tot my beskikking gebruik om aan te dui hoe die evangelie antwoord op sommige hoofelemente in die tradisionele wêreldbeeld van Afrika. Dis ontmoontlik om in een kort artikel 'n volledige beeld te skets of volledig die antwoord van die evangelie daarop te gee. Ek moet my tot enkele hoofsaake beperk. Daarby vra ek dat goed verstaan word dat hier nie die wêreldbeeld van Afrika teen dié van Europa afgeweeg word nie. Die wêreldbeeld van Europa, hetsy in sy voor- of na-Christelike vorm, is geensins meer Bybels as dié van Afrika nie. Dit gaan nie om die ontmoeting van Europa en Afrika nie, maar van die evangelie van Jesus Christus en Afrika. Wanneer ek van Afrika praat, bedoel ek hoofsaaklik die suidelike helfte van die kontinent, vanaf die Kongo en Kenia suidwaarts. Alles wat hier gesê word, geld nie noodwendig net so van Nigerië of die Soedan nie.

'Professor van Rooy het vir baie jare as sendeling in Venda gedien. Daarna is hy as professor Missiologie en Ou Testament by die teologiese opleiding van die GKSA in Hammanskraal benoem. Hy is ook betrokke by die vertaling van die Bybel in verskillende Afrika tale en was die projekkoördineerder vir die vertaling van die Bybel in Venda. Hy dien as adviseur vir die soort programmas dwarsdeur die kontinent.'

DIE IDEE VAN DIE BEPERKTE KOSMIESE GOED

Hierdie is een van die basiese beginsels van die wêreldbeeld van die meeste volke in Afrika en trouens ook van elders in die derde wêreld. Mense merk dat sommige mense voorspoedig, gesond en gelukkig is en ander nie. Hulle soek 'n verklaring daarvoor en vind dit in die beginsel dat daar net 'n beperkte hoeveelheid "goed" (invloed, gesondheid, geluk, welstand, lewenskrag) in die wêreld is, en dat party mense meer daarvan het as ander. Hulle skryf die verskil daaraan toe dat sommige mense met meer lewenskrag gebore is, omdat hulle van die koninklike stand is, of anders omdat hulle oor geheimsinnige magiese kragte beskik waardeur hulle vir hulle meer van die "goed" kan toe-eien deur dit van ander mense weg te neem. Die mense van Afrika ontleed nie hierdie idee nie, net so min as wat ons die lug wat ons inasem ontleed. As jy hulle daarna vra, sal hulle waarskynlik die bestaan daarvan ontken, of glad nie verstaan waarvan jy praat nie. Hulle leef egter daarvolgens en dit bepaal in vele opsigte hulle gedrag.

CHRISTUS DIE HOOGSTE "GOED", ONS LEWE

Die evangelie bring Christus as God se duidelike antwoord hierop. Eerstens is Hy die openbaring van God se onbeperkte liefde. Hy is die hoogste "goed", God se onbeperkte gawe aan mense. Hy gee sy Heilige Gees aan sy volk, en daardie Gees is self die samevatting van alle goeie dinge wat God aan ons

gee. As 'n mens Lukas 11:13 ("hoeveel te meer sal julle hemelse Vader die Heilige Gees gee aan dié wat Hom vra") vergelyk met Matteüs 7:11 ("hoeveel te meer sal julle hemelse Vader goeie gawes gee aan dié wat Hom vra?"), dan verstaan jy wat ek daarmee bedoel, want die twee uitsprake beteken eintlik maar dieselfde, naamlik dat die Heilige Gees die samevatting is van alle goeie dinge wat God deur Christus aan ons gee. In Romeine 8:28 lees ons dat God alles "ten goede" laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, en in die daaropvolgende verse lees ons wat hierdie "goede" is, naamlik om gelykvormig te word aan die beeld van Christus. So is Christus en sy Heilige Gees die "goeie" wat die Vader aan ons gee. En hierdie "goeie" is nie beperk nie.

Daarom kan die Here Jesus self ook sê (dít in die tweede plek): "Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, en dit in oorvloed" (Johannes 10:10). Die lewe wat Hy aan ons gee, is nie beperk nie.

Derdens is dit duidelik dat in gemeenskap met Christus ek nie my lewenskrag vermeerder deur dit van iemand anders weg te toor nie, maar wel deur my lewe aan Christus oor te gee. En in Hom geld die beginsel: Gee om te ontvang! (2 Korintiërs 9:6-8). Sterf om te lewe en vrug te dra (Johannes 12:24).

LEWENSKRAG

Die belangrikste aspek van die hierbo genoemde kosmiese goed is vir die mense van Afrika *lewenskrag*. Jou hoofdoel in die lewe is om jou lewenskrag teen bose invloede te beskerm, en dit te vermeerder of te herstel as dit bedreig word. Magie is die weg waarlangs jy óf jou eie lewenskrag kan herstel (wat as wettig beskou word), óf ten onregte deur swart magie die lewenskrag van ander mense vir jouself kan toe-eien.

Volgens die Skrif is Christus self ons lewe. Niks minder nie. Dit lees ons onder andere in Filippense 1:21 en Kolossense 3:4. Die enigste

manier om die lewe te verwerf, is deur op Hom te vertrou en my aan Hom oor te gee (1 Johannes 3:14; 5:12). Volgens die tradisionele lewensbeskouing van Afrika is die dood die einde van 'n proses waarin jou lewenskrag afgetakel word en uiteindelik ingee. Hierdie proses sit hom na die dood voort, want so lank jy as voorouergees nog onthou word en daar nog offers vir jou gebring word, bly iets van daardie lewenskrag behoue. Wanneer jy in die vergetelheid verdwyn, verdwyn jou lewenskrag ook in die niet. Paradoksaal genoeg is die geloof dat belangrike en hooggeplaaste persone na hulle dood nog die oorwig behou en vir 'n lang tyd krag op die lewendes kan uitoefen.



Teenoor hierdie troostelose geloof leer die Skrif ons dat wie sy vertrou op Christus vestig, vanaf daardie oomblik die ewige lewe het, wat onvernietigbaar is (Johannes 5:24; 6:47). Aan die een kant beteken geloof dat jy in die dood van Christus deel, sodat ten regte van jou gesê kan word: "Julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God" (Kolossense 3:3). Aan die ander kant is dit ook waar dat jy dan saam met Christus opgewek is (Kolossense 3:1) en nooit weer sal sterwe nie.

DIE ENIGSTE MIDDELAAR

In Afrika sonder Christus is die afgestorwe voorouers die middelaars deur wie ons versoeke tot God kom. Daar is feitlik geen kommunikasie met God self nie; Hy staan te ver

en hoog bo ons. Alleen die geeste van die afgestorwe konings het kragtens hulle hoë status tot Hom toegang. "Water vloei nie by 'n gat verby nie," lui die Vendaspreekwoord. Dit impliseer dat slegs 'n persoon wat naby die koning (of God) staan, tot hom toegang het. My versoeke gaan nie direk tot God nie, maar langs 'n hele trapleer van tussen-gangers. In die praktyk beteken dit dat gebede feitlik uitsluitlik aan die voorouergeeste gerig word. Die middelaars verdring nie alleen die een Middelaar nie, maar selfs God word deur hulle verdring.

Die evangelie leer ons dat Jesus Christus die enigste Middelaar is. Hy is self God, van gelyke status as die Vader, maar Hy het die on-eindige kloof wat Skepper en skepsel skei, oorbrug toe Hy in Jesus as mens gebore is. Deur Hom het ons nou direk toegang tot die Vader.

DIE ENIGSTE VERLOSSER EN OORWINNAAR

Die mense van Afrika lewe in vrees vir baie geeste en duister magte. Iemand het op 'n keer aan een van ons swart predikante die vraag gestel: "Wat is die mees opmerklieke verskil tussen jou lewe voor en na jou bekering?" Sy antwoord was: "Voor my bekering het ek in gedurige vrees gelewe; nou is ek deur Christus van alle vrees bevry." Hy is van vrees bevry, want hy het Christus as die Oorwinnaar oor die bose magte leer ken (Kolossense 2:9,15). Christus het alle gesag in die hemel en op aarde ontvang. Dit was sy afskeidswoorde aan sy dissipels.

GOD IS 'n PERSOONLIKE WESE

Feitlik al die volke van Suider-Afrika het 'n idee van God as 'n passiewe, onbetrokke Wese. Vir sommige omdat Hy so ver bo die mense verheewe is dat Hy Hom nooit sal verwerdig om Hom aan hulle te steur nie. Sommige volke weer, beskou God as 'n onpersoonlike mag, soos 'n magtige stroom elektrisiteit. Jy moet eerder praat van Dit as van Hy. Dit is oral en in alles, maar het geen bewussyn of wil nie. Soos elektrisiteit, is Dit gevaarlik, en jy

moet versigtig wees hoe om Dit te hanteer, maar jy kan nie Daarmee kommunikeer nie. Die Bybel openbaar God aan ons, nie as iets nie, maar as Iemand. Iemand wat alles weet, wat sy heilige wil op aarde deurvoer, en wat ook gevoelens van liefde en toorn het. Sy hoogste openbaring aan die mense is sy menswording in Jesus Christus, wat 'n Persoon is. Daar word sy genade, sy liefde, sy geregtigheid, sy heiligheid duidelik en tasbaar aan ons openbaar.

SONDE EN VERGIFNIS

Omdat God 'n persoonlike Wese is, het Hy sy persoonlike wil as wet aan ons openbaar. Om daardie wil te oortree, is sonde en bring skuld met sig mee. Dis nie maar net oortreding van 'n onpersoonlike natuurwet nie, dis opstand teen 'n almagtige Koning. Sonde bring verwydering tussen ons en God, en dit beteken die dood, tydelik en ewig.

Dit is waarom ons 'n Middelaar nodig het wat nie net ons versoeke aan God oordra nie, maar wat metterdaad die straf vir ons sonde dra en ons skuld met sy verdienste delg. Hierdie Offerlam is Jesus Christus. In die handboek van Inkatha oor die wonderlike lewensbeskouing van Afrika ("Ubuntu-Botho"), word dit duidelik gestel dat Afrika van die Bybel verskil. Die Bybel leer die ewige straf ná hierdie lewe; Afrika leer dat jy in hierdie lewe gestraf word en daarmee is dit verby. In die verkondiging aan Afrika is dit baie belangrik dat die erns van ons sonde en die swaarte van ons skuld voorop in die verkondiging staan, anders sien die mense van Afrika nie die nut van 'n Christus wat vir ons gesterf het om ons van die ewige straf van die lewende God te verlos nie.

DIE OORWINNAAR OOR DIE DOOD

Die mense van Afrika glo dat die siel in een of ander vorm na die dood bly voortbestaan, altans vir 'n tyd. Maar van die opstanding in 'n verheerlikte liggaam is daar geen sprake nie. Selfs baie Christene het geen besef van die opstanding uit die dood nie; dit het nie tot hulle deurgedring nie, want dit pas nie in hulle Afrika-lewensbeskouing in nie; dis vir hulle totaal vreemd. Die evangelie leer ons: Christus het liggaamlik uit die dood opgestaan en die dood volkome oorwin. Dit beteken dat ons wat in Hom glo, ook liggaamlik sal opstaan en met Hom op die nuwe, verlose, verheerlikte aarde sal lewe.

Hierdie enkele flitse behoort 'n aanduiding te wees van hoe relevant die verkondig van die Christus van die evangelie vir Afrika in sy nood is.✠

Aros

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

bied in samewerking met Potch 'n volledige B Ed studie aan voornemende onderwysers

Die vierjarige studie in Pretoria sluit in:

- Drie gelyktydige kwalifikasies: 'n erkende B Ed-graad van Potch, 'n Aros-kwalifikasie en 'n skoolgetuigskrif van praktiese vermoëns
- Skriftuurlike fundering in alle vakke
- Addisionele lewensbeskoulike modules
- Onmiddellike praktiese indiensopleiding
- Kleinskalige onderrig en persoonlike begeleiding



In 2005 word slegs 'n beperkte aantal eerstejaars toegelaat. Graag verskaf ons verdere inligting.

Tel 012 332 3222 of Posbus 31120, Totiusdal, 0134 of e-pos rvdkooy@mailbox.co.za .

'n GESPREK MET DRS LUCIUS DE GRAAFF

M. Hordijk

ONDERHOUD

Drs. Lucius de Graaff was in April saam met sy vrou op 'n studie-besoek in Suid Afrika. Op Dinsdag 27 April het ek hom aan huis van Dr AJ de Visser ontmoet om 'n gesprek te voer oor sy besoek en sy werk in Nederland. Alhoewel ons gesprek kort-kort onderbreek is deur skouspelagtige verbyvlugte ter viering van die inhuldiging van president Thabo Mbeki by die Uniegeboue, het ons 'n gesellige en leersame twee ure onder die grasdaklapa deurgebring. Hy het veral sy kennis van die Islam en daarmee saam veral sy indrukke van die Islam in Suid-Afrika met my gedeel.

Drs. De Graaff, u het reeds dekades lank 'n belangstelling in die Islam. Waar het dit begin, en hoe het dit verder ontwikkel?

Ek kan onthou dat ek as kind gefassineer is deur prente uit die tydskrif "National Geographic". Alhoewel ons nie Engels kon lees nie, het foto-artikels oor die oostertse kulture en veral die pelgrimstogte na Mekka, my geweldig gefassineer. As teologiese student in Kampen het ek dan ook Ou Testament as hoofvak geneem en ook die antieke tale soos Aramees en Akkadies (Babilonies-Siriese spykerskrif) bestudeer. Ek beskou myself dan ook as 'n leerling van JP Lettinga. Ek was aanvanklik van plan om verder in Ou Testament te studeer, maar omstandighede het dit nie toegelaat nie. As jong predikant is ek gekonfronteer met 'n boek van Kuitert "Zonder geloof vaart niemand wel". Die inhoud van die boek sê kortliks dat dit nie saak maak waarin jy glo nie, solank jy maar net glo. Dit het die vraag by my laat ontstaan van waarom die Christendom dan nou eintlik uniek is. Die vraagstuk het my sodanig gekwel dat ek by die universiteit in Utrecht 'n studie gevolg het in vergelykende godsdienswetenskappe. Tydens die studie word alle godsdiensdienste ontleed en vergelyk. Na die voltooiing van die studie kon ek duidelik die uniekheid van die Christendom aantoon en was opnuut oortuig van die waarheid van die evangelie van Jesus Christus. Tog het ek dit baie geniet om meer van die ander godsdiensdienste te weet en was veral geboei deur die Islam. In daardie tyd het daar steeds meer en meer Moslems na Nederland gekom, wat 'n behoefte by Christene geskep het om meer van die

Islam te weet en toegerus te word om onder hulle evangelisasie te doen.

Is u belangstelling in die Islam veral teologies van aard, of is u ook betrokke by praktiese aksies na Moslems toe?

Ek is eerstens 'n voltydse predikant van die Gereformeerde kerke (Vrijg.) in Nederland. Daarnaas dien ek in die hoofbestuur van 'n stigting genaamd "Evangelie en Moslims", wat gesteun word deur reformatoriese kerke en gemeoid is met die daarstelling van boeke en kursusse om predikante en lidmate toe te rus vir werk onder Moslems. My werk het dus beslis 'n sterk teologiese onderbou, omdat ek van die kursusmateriaal voorberei, boeke en artikels skryf en uit die aard van my posisie gemeoid is met oorhoofse koördinering van evangelisasie-aksies onder Moslems. Ek het tydens my besoek hier in Suid-Afrika vir Frikkie Mulder ontmoet. Hy het die behoefte aan so 'n organisasie hier in Suid Afrika uitgespreek. Ek is baie opgewonde oor die vooruitsig om die kerke hier in Suid-Afrika behulpsaam te wees met die daarstelling van so 'n organisasie. Ek kan baie ervarings met julle deel oor die prosesse wat in Nederland gevolg is om so 'n stigting op die been te bring.

U het tydens u besoek vier lesings aan die swart teologiese studente van die VGKSA aangebied. Hoe het u dit ervaar?

Ek het dadelik die geleentheid aangegryp. Tog was ek onseker oor die vlak waarop ek die lesings sou moes aanbied. Daarbenewens moes ek die lesings in Engels aanbied, wat vir my nogal inspannend is. Ek was aangenaam verras met



Drs. De Graaff in gesprek met een van die studente

die entoesiasme en leergierigheid van die studente. Ons het 'n uiters leersame, maar ook aangename vier dae saam deurgebring. Op dag een het ons gekyk hoe ons God die Vader sien, teenoor hoe die Islam Allah sien. Op dag twee het ons die moskee in Du Toitstraat in die middestad van Pretoria besoek. Ons het vooraf met die Imam ooreengekom dat dit slegs 'n inligtings-besoek is, en dat ons nie kom om evangelisasie te doen nie. Hy het toegestem om die moskee aan ons te wys. Hy, daarenteen, het aan ons 'n uitgebreide lesing gegee oor die Islam. Hy het veral nadruk gelê op die sogenaamde "foute" in die Bybel soos onder andere die sogenaamde teenstrydighede in die evangelies. Ons moes hard daaraan werk om stil te bly en nie 'n bespreking uit te lok nie. Die Imam, daarenteen, het luidkeels reklame vir die Islam gedoen. Hy was ook trots om te wys dat hulle baie in Suid-Afrika doen. Hy het aan ons 'n Zoeloe-vertaling van die Koran gewys (volgens Frikkie Mulder is sekere fanatieke tekste uit die vertaling weggelaat om die Islam meer aantreklik vir die Zoeloes te maak. Die vertaling is ook in Saoedi-Arabië gedruk. Dit laat 'n mens wonder.) Ek kon dit nie nalaat om aan die Imam te vra of hy seker is van sy saligheid nie. Sy antwoord was negatief. Hoe kan hy nou al sê of hy nie dalk more iets sal doen waarvan Allah nie sou hou nie. Hierdie onsekerheid is die groot leemte van 'n selfverlossende gods-


diens. Allah het net die lief wat goed doen. Ons bely daarteenoor dat wie in Jesus Christus glo, reeds die ewige lewe besit, ondanks die sonde wat hy doen. Jesus het ons aangeneem toe ons nog sondaars was. Ons moes natuurlik ons skoene uittrek toe ons die moskee betree het. Die Moslems glo dat iets waarop jy jou skoene sit daarna aan jou behoort. Vandaar die gebruik om skoene uit te trek as jy ander se eiendom betree. Dit is 'n gebruik wat ons kan respekteer. As hulle egter tot Allah gaan bid, sal ek nie saam bid nie en is selfs nie bereid om 'n toehoorder te wees nie, want hulle aanbid beslis nie die God wat ons in die Bybel leer ken nie. Op dag drie het ons die besoek aan die moskee geëvalueer. Dit was vir die studente veral insig-gewend dat die dinge waarteen ek hulle die eerste dag gewaarsku het, nie net teorieë is nie, maar dat dit juis die dinge was waarop die Imam gehamer het. Die lesings is afgesluit met 'n video van getuienisse van mense wat waarsku teen die Islam.

Ons het Sondagoggend die erediens in Soshanguve besoek en ek het die gemeente na die erediens toegesprek. Dit is baie goed ontvang. Gister (Maandag) het ons die Mukhanyo community development centre besoek. 'n Arm vrou wat vir vyf kinders moet sorg en dan nog bereid is om vyf VIGS-wesies ook onder haar vlerk te neem, het 'n diep indruk op ons gemaak.

Moet ons die Islam as die grootste bedreiging vir die Christendom sien? Luther het gesê dat Satan die aap van God is, of letterlik die na-aper van God. Dit kan op die Islam van toepassing gemaak word. Figure wat in die Bybel voorkom, kom ook in die Islam voor, maar hulle vervul dikwels 'n ander doel. Begrippe wat in die Bybel voorkom, soos genade, liefde en barmhartigheid, kom ook in die Islam voor, maar het 'n ander inhoud. Daarom is die absolute suiwer leer van die Woord van God, die enigste antwoord op die Islam. As ons dit loslaat, as ons onderling gaan stry oor die waarheid van dit wat ons in die Woord van God lees, staan ons inderdaad magteloos teenoor die Islam.

Is daar wêreldwyd 'n herlewing (of radikaliserings) van die Islam?

In die na-koloniale tydperk wat ons nou beleef, is dit so dat baie lande hulle politieke identiteit in die Islam soek. Die Islam laat die ruimte om militantheid aan te wakker en ons moet dit beslis nie ignoreer nie. Alhoewel die fanatieke Moslems in die minderheid is, mag ons nie ignoreer dat hulle sal poog om waar hulle ook al 'n meerderheid het, die sharia wette in te voer nie. Dink byvoorbeeld aan Nigerië. Tog kan ons ons daaraan troos dat die Christendom steeds vinniger as die Islam groei.



Moskee in Du Toitstraat, Pretoria

Hoe vergelyk die Islam in Suid-Afrika met die in Nederland?

In Nederland is ongeveer 6% van die bevolking Moslems en daar is geen Moslem in die kabinet nie. In Suid-Afrika is slegs 2% van die bevolking Moslems, maar 46% van die ministers is Moslems. Dit is baie oneweredig en rede tot groot kommer. Verder ervaar ek die Moslems hier in Suid-Afrika meer militant as in Nederland. In Nederland is baie Moslems ongeletterde gasarbeiders uit Turkye of Marokko wat nie veel aan die samelewing bied nie. In Suid-Afrika is baie Moslems suksesvolle sakemanne. Uit dinge soos die feit dat winkels op Vrydae sluit, lei ek af dat hulle in Suid-Afrika meer beginselvas en georganiseerd is. Ek is nie eens bewus van winkels wat in Nederland op Vrydae sluit nie. In Suid-Afrika groei die Islam veral onder arm vroue wat hulle tot die Islam keer as beskerming teen kriminaliteit. In Soweto word die sluiers en lang klere as 'n skans teen verkragting gesien en die moskee

as 'n toevlugsoord teen plegers van geweld. In Nederland groei die Islam veral onder vroue met 'n professionele loopbaan wat swig onder die druk van 'n samelewing waar jy op alle terreine suksesvol moet wees (die sg. rotresies).

Dit lyk asof gereformeerde kerke nie baie sending onder Moslems doen nie. Is dit 'n leemte wat ons moet aanspreek?

Beslis. In die Nederlandse weergawe van die Christelike gebede wat saam met die formuliere verskyn, is die gedeelte oor gebed vir sendingwerk onder Mohammedane weggelaat. Dit dui daarop dat die geleentheid eintlik geïgnoreer word. Terwyl dit feitlik onmoontlik is om in Moslemelande sendingwerk te bedryf, het die Moslems nou letterlik ons bure geword. Daar is niks wat ons stuit om die evangelie aan ons bure te verkondig nie. Dit is waar die uitdaging lê. Dit is waarvoor ek mense wil toerus. Christene mag ook nie by die Islam agter raak as dit kom by barmhartigheidsdiens nie. Moslems is altyd gou om hulpverleningsaksies te loods. Ons moet waak daarteen om van die Christendom 'n leë dop te maak van mooi woorde sonder enige daad. Dit is ongelukkig 'n feit dat die wêreld eers die daad sien en ons moet sorg dat ons sigbaar bly.

'n Slotboodskap:

Die Islam is 'n bedreiging, maar ook 'n uitdaging. Terwyl ons nie oop oë in die valstrik moet stap wat die Islam dalk kan stel nie, moet ons aandag ook nie so intens op die bedreiging gerig wees, dat ons nie die uitdaging kan raaksien nie. Die uitdaging om die lig van die evangelie te bring aan iemand wat in die duisternis vasgevang is.

Naskrif: Ek dink ek sou 'n hele uitgawe van Kompas nodig hê om Drs De Graaff se passie vir evangelisasie onder Moslems weer te gee. Vir verdere inligting word o.a. die volgende bronne aanbeveel:

- Drs LW de Graaff - Islam, bedreiging en uitdaging.
- Drs LW de Graaff - Islam in het kort.
- Dr J Verkuyl, Met moslims in gesprek over het evangelie,
- Dr J Bouman, In gesprek met moslims

KAGISONG: HUIS VAN VREDE

K. Ijlst

SAMELEWING

Vrydag 14 Mei 2004 was 'n belangrike dag vir die VIGS-kommissie. Na jare se harde werk en baie teleurstellings en moeite, het die hospies vir terminale pasiënte uiteindelik sy deure oopgemaak. Kagisong: huis van vrede, waar sterwende pasiënte hulle laaste tyd op aarde rustig en goed versorg kan deurbring.

GESKIEDENIS

In Oktober 2000 het daar vanuit die Evangelisasie-kommissie van die Pretoria-gemeente 'n VIGS-kommissie ontstaan. Kort daarna is 'n gemeentevergadering gehou oor die VIGS-probleem in ons land. Almal het besef dat die nood baie hoog is. Die kommissie het gaan kyk na maniere waarop ons as Christene 'n helpende hand kan uitreik na VIGS-pasiënte. Daar is kontak gemaak met sr. Margaret Nong. Sy is lid van die gemeente van Soshanguve-Noord en is werksaam by die Institute for Primary Healthcare (IPH) in Soshanguve. IPH het al baie te doen gekry met VIGS-pasiënte en het raakgesien hoe swaar hierdie pasiënte en ook hulle families kry. Daarom het hulle begin deur uit verskillende kerklike groepe vrywilligers te vra wat opgelei word om tuisversorgers te word. Hierdie vrywilligers gaan na die pasiënte se huise om hulle te versorg en ook om die familie by te staan met raad en ondersteuning. Hulle doen dit vanuit 'n Christelike oogpunt.

Die VIGS-kommissie het drie sake geformuleer waaraan hulle wou aandag gee. In die eerste plek is dit belangrik dat daar 'n boodskap van hoop aan pasiënte deurgegee word. Baie mense word HIV-positief as gevolg van hulle lewenstyl. Hulle ken nie die Woord van die Here en leef ook nie daarvolgens nie. Wanneer hulle dan siek word en dikwels ook deur die familie en gemeenskap verwyte en verwerp word, is daar niks waar hulle hul troos kan soek nie. Die kommissie het daarom pamflette en plakkaat laat maak wat in hospitale en klinieke versprei is. Hierop word met 1 Joh. 1:9 gewys na die troos van die Here en ook kontaknommers gegee.

In die tweede plek word daar weeklikse besoeke gebring. Sr. Nellie Kleijn besoek elke week 'n paar pasiënte om hulle te versorg. Sy bring 'n gesonde voedselpakkie saam, om die mense te leer wat die beste is om te eet om hulle immuunsisteem op te bou. Hierdie pasiënte honger ook dikwels na troos en is gewoonlik baie oop vir 'n boodskap uit die Bybel.



Die kantoor en die kombuis van die tydelike hospies

HOSPIES

Die derde saak wat aandag gekry het was die oprigting van 'n hospies. Reeds vanaf die begin was dit duidelik dat dit 'n groot prioriteit was. In Soshanguve is daar geen enkele hospies om terminale pasiënte te akkommodeer nie. Daar is dikwels pasiënte wat nie tuis versorg kan word nie. Hulle het dalk te veel hulp nodig en die familie weet nie hoe om dit te gee nie. In ander gevalle wil die familie niks meer met die pasiënt te doen hê nie en het hy/sy geen plek om heen te gaan nie. Soms het die familie ook 'n tydelike blaas-kansie nodig, omdat dit baie intensiewe en vermoeiende werk is om 'n terminale pasiënt by die huis te versorg.

Dit is egter nie so maklik om 'n hospies op te rig nie. Wie gaan betrek word? Waar gaan die geld vandaan kom? Waar moet die hospies gebou word? Wie gaan daar werk?

Daar is besluit dat die VIGS-kommissie verantwoordelik sal wees vir die bou van die hospies en dat IPH die personeel en die daaglikse bestuur van die hospies op hulle sal neem. IPH het ook aansoek gedoen by die Departement van Gesondheid vir subsidie. Dit is aan hulle toegestaan. Die kommissie het daarna 'n trust opgerig. Hierdie trust bestaan uit lede van die Vrye Gereformeerde Kerk, asook lede van IPH en van die sendingsgemeentes uit Soshanguve. Hierdie groep mense is verantwoordelik vir die oprigting van die gebou.

Daar is dadelik begin soek na 'n geskikte gebou of plek waar die hospies begin kan word. Die oog het geval op 'n ou gastehuis, wat al vir 'n lang ruk leeg gestaan het. Dit sou verbou kon word om 15 pasiënte te huisves. Nadat al die planne geteken is, kwotasies ingewin is en die stadsraad reeds hul toestemming gegee het, het dit geblyk dat die mense in die omgewing glad nie daarvoor te vinde was nie. Hulle het selfs gedreig met boikot- en vernielings-aksies.

Dit was 'n groot teleurstelling toe daar van hierdie planne afgesien moes word. Maar die Here het dadelik weer 'n nuwe deur oopgemaak. In dieselfde week het die trust berig gekry dat daar in 'n ander deel van Soshanguve 'n erf is wat gebruik moes word vir die gemeenskap. Hierdie erf lê in 'n beter deel van die stad en is ook makliker bereikbaar met openbare vervoer.

Aangesien hierdie erf nog geen geboue op het nie, kan die hospies volgens eie planne opgerig word. Hierdie keer het die trust eers die gemeenskap se gevoelens getoets. Niemand het besware gehad nie en alle aanvrae en beplanning kon begin. Dit was 'n lang pad. Maar uiteindelik het ons verlede maand toestemming gekry om te begin bou.

Intussen het die Departement van Gesondheid IPH gekontak en gevra of hulle nie so gou as moontlik kan begin met die hospies nie. Hulle het voorgestel dat IPH solank 'n tydelike gebou kry en net ses pasiënte versorg. Die Departement sal hulle subsidieer. Wanneer hulle nie meer as ses pasiënte het nie, hoef hulle nie aan soveel vereistes te voldoen as met 'n groter hospies nie.

Natuurlik is hierdie aanbod aangegryp. 'n Tydelike onderdak is gevind op dieselfde erf as waar die Free Reformed Church in Blok VV bymekaar kom. Hierdie gebou is opgeknop en ingerig. Broeders uit die gemeentes van Pretoria het beddens en bedkassies geskuur en geverf, susters het lakens en slope gewas en gestryk en gordyne gemaak, vrywilligers van IPH het die gebou skoon gemaak, sr. Nellie Kleijn het die hele stad vol gery op soek na die goedkoopste wasmasjien, stoof, yskas, ens.



Die vrouesaal van die hospies

FINANSIES

Natuurlik is daar baie geld nodig om so 'n hospies op te rig. Die Here het egter voorsien en ons vertrou dat Hy ook verder sal voorsien. Die meeste geld kom uit die buiteland. De Verre Naasten het 'n bedrag toegesê. Verder is daar deur die Reformatorische Dagblad (RD) in Nederland 'n groot aksie gehou waardeur baie geld ingesamel is. Ook vanuit Kanada het die Canadian Reformed World Relief Foundation 'n bedrag gestuur wat bedoel is vir die inrigting van die hospies. Ons is baie dankbaar vir al hierdie bydraes. Die permanente hospies word beplan in drie fases. Daar is reeds genoeg ingesamel vir die bou van die eerste fase.

OPENING

Op Vrydag 14 Mei het daar ongeveer 120 mense bymekaar gekom om die opening van die hospies te vier. Verteenwoordigers van die Departement van Gesondheid, begrafnisondernemings, IPH, die trust en ander belangstellendes het almal 'n kans gekry om 'n toespraak te lewer. Tussendeur is daar gesing en gedans en ook 'n paar tradisionele hande-linge uitgevoer.

Die versorgers is voorgestel en ds. Kleijn het 'n gebed uitgespreek dat hulle mag kragte kry vir die taak en dat hulle 'n seën mag wees vir die pasiënte. As afsluiting het ds. A.J. de Visser 'n meditasie gelewer, en die verrigtinge afgesluit met gebed.

VOORBEDE

Ons wil u voorbede vra vir hierdie projek. Die versorgers het 'n swaar taak, nie alleen fisies nie, maar ook geestelik. Hulle het die krag van die Here nodig om dit vol te hou. Bid ook vir die pasiënte wat die Here se troos nodig het, sodat hulle in vrede kan sterf. ☩



Ds de Visser sluit die amptelike opening van die hospies af